

Benutting van additiewe genetiese variasie by skape

Schalk Cloete en Buks Olivier

Inkomste van skaapboere hang af van die hoeveelheid en die gehalte van die produkte wat hulle produseer. Liggaamsgewig, vaggewig en aantal (of gewig) lam(mers) gespeen is belangrike eienskappe wat hoeveelheid produk betref. Gehalte-eienskappe is veseldikte, stapelstrekke en vleisgradering. Twee sleutelemente bepaal genetiese verbetering wat verhaal kan word: (1) Die eienskap van belang moet varieer; (2) 'n gedeelte van hierdie variasie moet geneties wees, m.a.w. die eienskap moet oorerflik wees. Liggaamsgewig en vaggewig toon matige variasie (15-25%), gekoppel aan matige tot hoë oorerflikhede van 25 tot 40%. Stapelstrekke het hoër vlakke van variasie (30% en meer), maar het 'n laer oorerflikheid as die vorige eienskappe (ongeveer 20%). Reproduksie-eienskappe het selfs meer variasie (meer as 50%), maar nog 'n laer oorerflikheid van 10% of minder. In teenstelling hiermee het veseldikte 'n baie hoë oorerflikheid van bo 50%, maar met baie minder variasie (onder 10%). Navorsing dui daarop dat al hierdie eienskappe op hulle eie geneties verbeter kan word. Additiewe voordele van 1 tot 2% per jaar is deurgaans haalbaar met doelgerigte seleksie. Die wisselwerking tussen eienskappe (naamlik hoe seleksie vir een eienskap ander eienskappe beïnvloed) sal by 'n latere geleentheid bespreek word.